



Die Fisiologies belangrike tye in die Produksiesiklus van `n Vleisbok

'n Bestuursprogram wat op die fisiologies belangrike tye in die produksiesiklus van 'n bok gebaseer is lewer die beste resultate, omdat dit die DIER se kant kies, en dat bestuursprosedures dan gedoen word op tye wanneer dit die beste inpak het.

Die program wat dan uitgewerk word met die BOK en wat in sy liggaam gebeur, as fokus, het `n voordeel bo konvensionele programme wat rondom die boer, parasiete en seisoene wentel. Laasgenoemde goed varieer gedurig, terwyl fisiologiese tye gegewe is. Ons moet steeds alles in ag neem, maar probleme moet nie ons hoof fokusarea wees nie. Ons konsentreer nou eerder op **PRODUKSIE, WINS, GESONDHEID, VOEDING** – lekker positiewe goed, eerder as op siektes en parasiete.

Kom ons kyk dan na die fisiologiese tye of gebeure deur te begin by die dinge wat 'n rol speel in die aanloop na dekking – voor paartyd:

Strategiese enting , dip en dosering is n integrale deel van n suksesvolle bestuursprogram, dit is waarom dit belangrik is dat die fisiologiese belangrike tye in die produksie siklus van n vleisbok verstaan word en dit dan effektief en so stiptelik as moontlik toegepas word om sukses in jou bok boerdery te verseker.

i) **Follikel ontwikkeling in die ooi :**

(6 maande voor paar)

Heelwat nuwe inligting het onlangs die lig gesien en baie navorsing word steeds hieroor gedoen.

- 'n Follikel neem ongeveer 6 maande om te groei en te ontwikkel.
- **Voedingstoestand 6 maande voor paar beïnvloed die konsepsiesyfer tydens paar, asook die fekunditeit (getal meerlinge).**

Daarom dan ook die ou wysheid dat jy die jaar na 'n droogte eers werklik die effek van die droogte "voel"; of dat dit "kos reën", maar nie dadelik geld nie!

Ses maande voor paar val in jong ooie wat op 7 maande gedek word om op 1 jaar ouderdom te lam, saam met die periode **"1 maand na lam"**.

Wat gebeur nou in 'n ooilam se lewe na geboorte tot omtrent 1 maand ouderdom?

Sy weeg omtrent 8-10 kg

Is effektief nog 'n enkelmaagdier (met slegs 'n funksionele melkpens), wat ruvoer / kruipvoer begin inneem om rumenontwikkeling te stimuleer.

Sy het pas haar **geboortegewig meer as verdubbel en gaan dit weer in die volgende maand regkry om haar gewig te verdubbel**. Nooit in haar lewe sal sy dit weer regkry nie!

Die ding is stresvol, en die stres val dan saam met die ontwikkeling van die follikel wat oor 6 maande ge-ovuleer gaan word.

Dit verklaar die swakker konsepsies wat ons dan by jong ootjies kry, asook deels hoekom jong ootjies se lammers dikwels swakker / kleiner is by geboorte is en 'n swakker oorlewing het.

- 'n **Ander belangrike ontwikkelingsstadium van die follikel is in die 2 maande periode voor paar** (Sien by RAMVERSORGING).
- In Volwasse ooie speel voeding in Sept/Okt. byvoorbeeld (Twee maande na lam, en die periode van piek melkproduksie) dus 'n belangrike rol by die **herfs dektyd** (Mrt/Apr.) se konsepsie. Dieselfde beginsel geld dan ook by ander paartye, maar omdat September dikwels nog droog is as die vroeë reentjie wegbly in die belangrikste bokboerderygebiede, lig ek dit hier uit.
- Dit is ook die tyd wanneer meeste ooie se liggaamskondisie op hul laagste is (hulle "afgemelk" of "afgesuip" is)

ii) **Ramversorging : (2 Maande voor paartyd)**

(Spermontwikkeling en Rypwording in die ram, asook die pre-antrale en antrale ontwikkelingsstydperk van die follikel in die ooi).

Weereens speel voeding hier 'n geweldige belangrike rol.

Energie help die rumenmikrobe om rumendegraderbare proteïene en NPN beter te benut. Oormaat van lg. hoop op as ammoniak en ureum wat weer proteolities en lipolities optree. (Breek proteïene en vette af !!) Die geslagshormone (testosteroon en estrogene) is lipoproteïene. Verbyvloei-proteïene word "beter" benut en een van die gevolge is beter spermkwaliteit, groter testes, "pers lieste" en ramme wat "bloos" (goed gemerk en vol "reukwater / aftershave" is !) a.g.v. hoër testosteroonvlakke.

Spermontwikkeling en rypwording neem ongeveer 2 maande.

M.a.w. sperme wat nou in 'n ram geproduseer word, word eers oor 2 maande gebruik.

- Knip sy hoewe en gee hom beter kos.
- Spuit of doseer Vit. A en gee Spoorelemente (bv. **Complex ADE+ Minerale**).

- Ent ramme met **Glanvac 3** en met 'n breë spektrum Clostridium entstof wat ook Pasteurella dek (maar vra eers jou veearts watter een, aangesien daar nie huidiglik so 'n entstof in S.A. geregistreer is vir bokke nie, en sommige veeartse dan 'n entstof wat vir skape geregistreer is, ook vir bokke aanbeveel). (**Multivax P of One Shot ultra 7**)
- Doseer met 'n middel wat NEUSWURM ook dek (**Ivermax ADE of Ivermax + Minerale of Nemarox**)

Toets vir geslagsgekiktheid / vrugbaarheid. (baie baie baie belangrik!!)

Let veral na testesomtrek, kondisiepunt, lieskleur, "blosing", saadkwaliteit en dekvermoë. Bokramme kan geprikkel word deur 'n paar sikliese of hormoonbehandelde ooie langs of by hulle te sit (wees egter versigtig vir baklei en seerkry!). Dit help nie 'n ram het goeie saad, maar kan nie dek nie!

Indien daar 'n probleem is, is daar genoeg tyd (2 maande voor paar) om regstellings te maak – behandeling te doen, of nuwe ramme te bekom.

Begin ook nou met die fiksmak van ramme.

Geforseerde stap of aanjaag - \pm 1 km, een of twee maal per week.

Navorsing deur dr. Jasper Coetzee het bewys dat konsepsie by jong ooie beter is as hulle vir 2 maande geprikkel word in plaas van 3 weke soos in ouer ooie (die werk is in skape gedoen, maar dieselfde beginsels geld in bokke).

iii) **Prikkelvoeding :**

3 weke voor paartyd.

Doseer jong ootjies (**Nemarox of Levamintic**), vul spoorelemente / minerale aan en gee Vit. A.(**Complex ADE+ Minerale**)

Ent teen Bloednier (met 'n goeie kombinasie entstof soos **One Shot ultra 7 of Multivax P Plus** indien dit nog nie gedoen is nie, en teen *Corynebakterium* / absesse met **Glanvac 3**

Ent teen Ensoötiese aborsie voor paar (jong en droë bokke) met **Clamisure** entstof

Ent teen Slenkdalkoors voor paar met **Slenkdalkoors CLONE 13** entstof.

Begin met prikkelvoeding by groot ooie en **gee veral aandag aan energie en proteïenvlakke**. Dit kan byvoorbeeld groenvoer aanvulling wees, of groenweiding plus die nodige aanvulling om die tekorte wat op die weiding voorkom, aan te vul.

Gee verbyvloei proteïene soos Maxiwol vanaf een week voor paar ("Maxiblokke").

Sorg dat ooie op 'n stygende voedingsvlak is (WEEG!).

In meerpaarstelsels is dit dikwels baie moeilik omdat ooie dan in die stadium van piek melkproduksie is en al wat met byvoeding gebeur is dat melkproduksie toeneem, terwyl die bok se kondisie konstant bly. Die beste is maar om die dier in die regte kondisie te laat lam, en dan te sorg dat sy in 'n goeie of optimale kondisie is om weer besit te raak (kondisiepunt van 2.5+).

Die nuutste inligting dui daarop dat slegs ooie wat in 'n swakker kondisie is wel op prikkelvoeding reageer.

Ooie kan in groepe geklas word en slegs die wat dit nodig het kan byvoeding kry. Sodoende word geld gespaar deurdat die ooie in 'n goeie kondisie nie onnodig ekstra en dikwels duur voer hoef te kry nie. Wees egter baie versigtig by jou beoordeling, aangesien 'n klein besparing in voerkoste soms groot skade aan jou konsepsie kan doen!

Vra jouself die vraag voor die tyd of jy ALLES in jou vermoë doen om te sorg dat al, of die meeste van, jou ooie besit kan raak.

Tree dus voorkomend op!

Maak seker jou ramme is reg. **Hertoets twyfelagtiges en ramme wat intussen siek was.**

Die volgende produksiefase is dan dragtigheid:

iv) Dektyd / dekdatum :

Alle ander tye word hiervolgens uitgewerk - lamtyd, speen/opdroog, ses weke voor lam... 'n Bokooi kom ± **elke 21 dae op hitte**.

Indien jy alles in jou vermoë gedoen het om te sorg dat jou ooie besit raak, kan jy, of behoort jy jou **paar- en lamtyd te verkort na 42 dae (2 siklusse)**.

Teken hittede of dektye aan indien jy gesien het dat 'n ram 'n ooi dek. Sodoende kan ongereelde siklusse a.g.v. siste of hormoonversteurings vroegtydig opgetel en behandel word. Ook kan die ooie wat nie met die eerste dekking besit geraak het nie, geïdentifiseer word, en deeglik ondersoek word om die moontlike oorsaak vas te stel. Indien te veel ooie van 'n spesifieke ram herhalers is, kan ons ook weer besin oor sy vrugbaarheid, of selfs vasstel of daar nie 'n infeksie in die kudde is waaraan ons moontlik iets kan doen nie. Hierdie ooie kan dan byvoorbeeld tydens die kuddeveearts se plaasbesoek met 'n sonar masien inwendig ondersoek word.

v) Middragtigheid : (Middel trimester)

50 – 100 dae dragtigheid. Ons is nou in 'n kritiese ontwikkelingsstaduim van die plasenta, wat weer 'n direkte invloed op die geboortemassa van die lammers (lamoorlewing), aborsie%, asook melkproduksie, het.

Voeding moet reg wees – ooie moet matig toeneem in gewig en nie gewig handhaaf of verloor soos wat in die verlede geglo is nie. Dit is veral belangrik by meerlingooie.

Gebruik jou skaal.

Siektes, soos *Corynebakterium* (Absesse) en “stres”, soos ver aanjaag op 'n warm dag en/of onnodige hantering met “scan”, kan aborsies veroorsaak – werk dus altyd mooi die die dragtige “ tannies ” !

vi) Sonar ondersoeke :

Dit bly seker die mees **kostedoeltreffende bestuursmiddel**.

Met die nuwe sterker masjiene kan dragtigheid selfs so vroeg as 13 dae opgetel word – maar met redelike sekerheid vanaf dag 20.

Omdat implantasie van die embryo egter eers na 35 dae volledig is, beveel ek nie onnodige hantering voor hierdie tyd aan nie.

Scan op 4 weke na dekseisoen eindig.

Werk mooi en hanteer versigtig – stres veroorsaak aborsies!

Verskeie operateurs scan staande m.b.v. 'n krat..

Scan vir meerlinge.

Skei jou troppe indien moontlik volgens dragtigheidsfase, en bestuur jou meerlingooie vir lamoorlewing en vir herkonsepsie van die ooi in haar volgende siklus.

vii) Voorlam : (6 weke voor lam)

- 72% van die lammers se groei en ontwikkeling gebeur van nou tot by lamtyd.
- Verder vind uierontwikkeling in die ooi nou plaas, wat weer 'n invloed op die kwaliteit van die bies en hoeveelheid melk het.
- Die droë uier moet deeglik ondersoek word om seker te maak dat daar nie mastitis of verhardings in voorkom nie.
Waar die eerste helfte van die droë periode dus as 'n hersteltydperk gesien kan word, moet die tweede deel as 'n voorbereidingstyd vir die volgende laktasie gesien word.
- Vir 'n goeie wegspring soek ons 'n gesonde dier, met 'n gesonde uier, in 'n goeie kondisie...

Die tyd van **“voor lam weerstandsverslapping” (PPRR)** lê voor, maw sodra die ooi biesmelk begin maak, val die Immunoglobulien A vlakke in die dermwand, dit tesame met

die veranderende hormoonvlakke in die bloedstroom dien as prikkel vir die wyfieparasiete of wurms **om meer eiers te begin lê**, om sodoende die “weidings” te “besoedel” en die voortbestaan van hul nageslag te verseker.

- **Ooie moet nou gedoseer word.** Ek verkies ‘n middel met ‘n langer nawerking wat ook Neuswurm insluit (**Ivermax ADE of Doraject LA + ADE of Nemarox**). Maar dit is ook baie belangrik om “refugia” hier reg toe te pas sodat weerstand deur die parasiete teen die middels vertraag of verminder kan word. Ons beveel byvoorbeeld aan dat die hele kudde *nie gelyktydig gedoen word nie*, of eers geskuif word na die weiding waarop hulle gaan loop, en dan doseer word met n produk wat steeds effektief is op jou plaas om die wurms dood te maak. Indien jy die hele kudde doseer en dan dadelik skuif, kry net die weerstandbiedige wurms wat die dosering oorleef het kans om aan te teel – sodoende word die vlak van weerstandbiedige wurms in die kudde dan dramaties verhoog! Bespreek asseblief “refugia” met jou kuddeveearts of ‘n parasitoloog wat ‘n kundige op die gebied is. Wurmbestuur is ‘n spesialiteitsgebied, en die oplossing lê nie meer net in ‘n doseerkan nie!
- Ent dragtige ooie met **Glanvac 3** en ‘n kombinasie entstof wat Pasteurella en Clostridiale siektes dek soos **One Shot ultra 7 of Multivax P Plus** (soos deur jou veearts aanbeveel).
- Vit.A en **spoorelemente** word ook nou toegedien met **Complex ADE + Minerale**.

Maak seker dat die middel wat jy gebruik **veilig** is vir bokke!

Praat met jou kuddeveearts, en doen die nodige ontledings sodat oordeelkundige aanvulling gedoen kan word!

Nou kom ons by lamtyd – die einde van dragtigheid – en dan die begin, of voorbereidingsperiode vir die volgende dargtigheid. In die lam kyk ons na sy “wedspring” in die lewe, asook na die aanloop of “wedloop” tot sy eerste paartyd.

viii) Lamtyd :

- Ongeveer 149 dae vanaf dek. Ons werk met die natuur en ‘n ooi kan ‘n dag of twee vroeër of later begin lam.

Sorg vir deeglike toesig deur opgeleide persone wat kan help as iets verkeerd gaan tydens lamtyd.

- Indien ‘n ooi gehelp word tydens die lamproses, is dit ‘n goeie praktyk om haar te spuit met antibiotika soos Maxitet LA om baarmoeder infeksie te voorkom.
- Sorg dat lammers so gou as moontlik **na geboorte biesmelk drink (binne 6-8 ure)** om goeie weerstand teen siektes te verseker. (goeie kwaliteit, genoeg en vinnig genoeg biesmelk inkry)
- Behandel die naelstring met jodium of **Supaspray plus** so gou as moontlik na geboorte om naelstringinfeksie te voorkom.

Laat doen deeglike nadoodse ondersoeke op dooie lammers om die oorsaak van siektes en probleme soos “hoes” en maagwerking vas te stel en te behandel.

Al te dikwels behandel ons slegs die simptome en nie die oorsaak nie!

As die oorsaak egter reggestel en/of behandel word, gaan die simptome vanself weg.

ix) Opdroog/Speen:

Doen die **3 T - toets** : “Tande, Tone en Tieties”.

Voel die uier deur vir knoppe. Toets vir mastitis deur aan die speen te trek en die melk dan te ondersoek – ons wil nie `n ooi met infeksie opdroog nie. Op plase waar baie uierprobleme ondervind word, kan **droë koei/ooi behandeling** in vir ooie wat mastitis gedurende die voorafgaande laktasie gehad het, asook vir alle top presteerders of duur stoet ooie toegedien word.

Dit kan gesien word as assuransië tydens die droë periode om te verhoed dat nuwe infeksies gedurende hierdie tyd die uier binnedring.

Die droë periode is `n tyd van “**rus**” en **herstel van die uier en rumen**(grootpens) wat gedurende laktasie baie hard gewerk het. Ons probeer dus om veral die kragvoer of byvoeding bietjie te sny, maar moet waak daarteen om fetusgroeï en uierontwikkeling te knou.

Die klem lê dus steeds op goeie kwaliteit, en gebalanseerde kos!

Gesondheidsbestuur van boklammers:

Lamgrootmaak is `n onderwerp op sy eie.

Die regte wegspring begin reeds in die baarmoeder.

- Ons soek gesonde, sterk lammers van 3.5kg of meer, **wat in `n skoon omgewing gebore word.**

Biesinname is reeds genoem. Gevriesde biesmelk of bies van `n ander ooi wat pas gelam het kan ook aan die ooi se lammers gegee word wanneer biesmelk probleme voorkom.

Die bies verskaf bo en behalwe voedingstowwe ook die essensiële beskerming aan die lammers tydens hierdie tydperk wanneer hul eie immuunstelsel nog nie ten volle ontwikkel en funksioneel is nie.

- Indien lammers genoeg goeie bies, gou genoeg na geboorte ingekry het, kan hulle hul **eerste inentings op ongeveer 2 maande** ouderdom kry. Die aanbeveling kan egter op sekere plase en op sekere tye reeds vroeër gedoen word. Bespreek dit asseblief beslis ook met jou plaaslike veearts.

Op meeste plase, maar veral waar ongediertes `n probleem is, word die lammers bedags afgehok as die ooie gaan wei, totdat hulle groot en sterk genoeg is om saam te gaan.

Voorsien ruvoer **en kruipvoeding** aan die lammers, en voorkom verveeldheid deur “**speelgoed**” te voorsien in die vorm van klippe en drommetjies om op te spring en agter weg te kruip.

n Ou ooi of twee kan selfs as “vroedvrouens” agtergehou word om na die lammers te “kyk”.

Sorg dat die voerbakke so ontwerp is dat misbesoedeling nie voorkom nie.

Boklammers is geweldig vatbaar vir **Koksidiöse** asook vir parasiete wie se lewensiklus deur eierinname geskeid en nie deur larfies wat op weiding ingeneem word nie (Langnek Bankrotwurm en Sambokwurm).

Ontwurming gaan ook weereens afhang van die omstandighede waaronder die lammers in grootgemaak word. Indien hulle reeds van vroeg af aan gras kan peusel, **kan hulle ook reeds op so vroeg as op 1 maand ouderdom met parasiete besmet wees!**

Een maand na lam :

Lammers kan dus reeds hier hulle **eerste dosering**, Vit. A en spoorelementaanvulling (**Complex ADE+ Minerals**) kry.

- Doseer vir Ronde- sowel as Lintwurm met **Endo+Lint**.

Om veilig te wees in die Limpopo area kan lammers nou ge-ent word teen Bloednier en Pasteurella met **One Shot ultra 7 of Multivax P Plus** en Corynobacterie entstof **Glanvax 3** teen Absesse en Klem in die Kaak.

Twee maande en Drie maande na lam :

- Gee weer Vit A en Spoorelemente aanvullingme **Complex ADE + Minerals** en ontworm met **Maxi-lint en Ivermax ADE of Doraject LA + ADE op twee maande.**
- **By speenouderdom (maw drie maande na lam)** gee die opvolg of booster inentings teen Bloednier, Pasterella en Absesse met **One Shot ultra 7 of Multivax P Plus en Glanvac 3.**
- Ent alle lammers teen Slenkdalkoors met **Slenkdalkoors Clone 13 entstof.**
- Ent alle ooi lammers teen Ensootiese aborsie met **Clamisure entstof.**

Speen :

Uiteraard wil ons die lammers so gou as moontlik **speen op +- 100 dae of per gewig +- 20 tot 25kg**

Suksesvolle lam grootmaak hang af van `n baie belangrike fisiologiese proses – **hoe goed of effektief ons daarin slaag om `n enkelmaagdier (met slegs `n “funksionele” melkpens) om te skakel na `n effektiewe herkouer wat ruvoer en dus weiding effektief kan benut.**

Melk word weggeneem, maar in die plek daarvan moet ons **goeie kwaliteit kos voorsien** - eers aanvangs voer, en daarna `n groei rantsoen. Raadpleeg asseblief `n kenner daaroor.

- Ent ram- en ooilammers teen Brusellose/”Ramsiekte” (*B.melitensis* Rev. 1) tussen 2 en 4 maande ouderdom, **slegs op aanbeveling van jou veearts en die Staatsveearts.**

Algemeen:

1. Spuit ooi **Ivermax ADE of Doraject LA + ADE** met opdroog (bo en behalwe interne parasiete, word Brandsiekte en suigende luise asook sekere bosluis spesies effektief beheer met hierdie produkte).
2. Ent teen “*Pasteurella*”/ *Mannheimia*. Indien `n kombinasie entstof gebruik gaan word, kies een wat werk teen die gevolg van die siekte en nie slegs teen sekere stamme nie. Terselfertyd kry jy ook beskerming teen die belangrike groep *Clostridium*s of Bloednier en Sponsiekte bakteriee wat onder andere – Bloednier, Hemorragiese enteritis (“Rooiderm”), Enterotoksemie, Sponssiekte en Baarmoedersponssiekte veroorsaak produkte soos **One Shot ultra 7 of Multivax P Plus** gee daardie beskerming.
3. Onthou dat *Corynebakterium* een van die kieme is wat blou-uier en swere veroorsaak. **Glanvac 3** (1) is geregistreer vir bokke. Dit is egter baie belangrik om te let dat bokke soos skape die eerste keer 2 keer gespuit word, en wel 4 weke uitmekaar. Daarna moet bokke **elke 6 maande** gespuit word!
4. Gee Vit A en Spoorelemente **Complex ADE+ Minerals**
5. Lees asseblief op die internet oor die “**Floppy kid syndrome**” - `n toestand wat beslis by ons in SA voorkom en verantwoordelik is vir vrektes van baie lammers.
6. Bloutong kom by bokke voor, hoewel wit bokke soos die Savannabok en Melkbokke meer vatbaar is as bokke met donker koppe. Inentings moet 3 weke uitmekaar gegee word indien dit n probleem is in jou gebied, doen dit verkieslik in die laat winter of vroeë lente. Laat dragtige bokke (derde trimester) kan met veiligheid inge- ent word teen Bloutong. Bokke kry Bloednier ! Die simptome van bloednier in bokke verskil egter van die in skape (meer `n dermtoestand met gepaardgaande maagwerking / diaree).
7. **Die normale temperatuur van bokke is – lammers 38,5 tot 41 grade celsius en volwasse bokke se normale temperatuur is tussen 38,5 en 40,5 grade celsius.**

Bespreek asseblief die program met jou plaaslike veearts en / of Cipla verteenwoordiger, veral waar meer as een produk saam genoem word.

Jaun Kruger 0795113113